Bulletin lesers - die datum in die eerste SS kennisgewing is korrek.

SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 16 JUNIE 2019

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. 'n Potgooi is ook beskikbaar op die Liga se web tuiste. 'n Oudio opname sowel as 'n teks weergawe kan van die Liga se webblad, www.sarl.org.za, afgelaai word, en jy kan ook daar inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

Ons begin die bulletin met nuus van twee stil sleutels.

Dit is met leedwese dat ons bekend maak dat die sleutel van Jan Coetzee, ZS5JC in Mei 2018 stil geword het. Ons betuig ons opregte meegevoel aan sy vrou, seun Dawid, ZS5DS, familie en vriende.

Dit is met leedwese dat ons bekend maak dat die sleutel van Henk Langenhoven, ZS6PHM van Potchefstroom op Dinsdag 11 Junie 2019 stil geword het. Ons betuig ons opregte meegevoel aan sy vrou, Barbara, dogters, familie en vriende.

POUSE

In die nuus vandag:

DIE SARL TOP BAND QSO GESELLIGHEID HIERDIE WEEK

WRC-23 AGENDA ITEMS MAG DIE 144 MHZ EN 1 240 MHZ BANDE BEÏNVLOED

en

DIE SARL OM YOTA VLAG EN SLEUTEL BY HAM RADIO 2019 IN FRIEDRICHSHAFEN TE OORHANDIG

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

Die SARL-Nuusspan wens al die Vaders 'n gelukkige Vadersdag toe.

DIE SARL TOP BAND QSO GESELLIGHEID HIERDIE WEEK

Het jy die SARL Top Band Sertifikaat? Deur vanaf Maandag 24 Junie 2019 aan die SARL Top Band QSO Geselligheid vanaf 00:00 UTC op Donderdag 20 Junie 2019 tot 00:00 UTC op Maandag 24 Junie 2019 deel te neem, kan jy die vereiste QSOs vir hierdie sertifikaat maak. Die QSO Geselligheid is oop vir alle gelisensieerde amateurs wat toegang tot die 160-meter-band het. Gelykgolf aktiwiteit vind plaas tussen 1 810 en 1 838 kHz met foon aktiwiteit tussen 1 840 - 2 000 kHz en die uitruiling is 'n RS(T)-verslag en jou provinsiale of lands afkorting.

Elke stasie kan een keer per modus gewerk word, d.w.s een keer per foon en een keer op gelykgolf en elke QSO tel 3 punte. Elke Suid-Afrikaanse roep gebied en elke DXCC-land wat gewerk word, is 5 bonuspunte werd. Die totale telling is die totale QSO punte plus die bonuspunte. Logstate in ADIF, Cabrillo of MS Excel met 'n opsommingsblad met die naam "my roepsein Top Band" moet ingedien word teen 2 Julie 2019 per e-pos aan contest@sarl.org.za.

WRC-23 AGENDA ITEMS MAG DIE 144 MHZ EN 1 240 MHZ BANDE BEÏNVLOED

IARU Streek 1 wys daarop dat daar in Europa twee moontlike voorstelle is, as moontlike toekomstige agenda-items by WRC 2023, wat moontlik belangrike amateur radiofrekwensies kan beïnvloed.

IARU Streek 1 sê, "Die volgende stel die huidige IARU-posisie op hierdie voorstelle uiteen. 'n Voorstel van Frankryk om die band 144 - 146 MHz te beskou as 'n primêre toekenning aan die Lugvaart Mobiele diens, as deel van 'n breër oorweging van die spektrum wat aan daardie diens toegewys is. Die band 144 - 146 MHz word op 'n primêre basis wêreldwyd aan amateur- en amateur satelliet dienste toegeken. Dit is een van die min primêre toekennings aan die amateurdiens bokant 29,7 MHz en is dus 'n belangrike en wydverspreide deel van die amateur spektrum met 'n groot geïnstalleerde basis van gebruikers en operasionele satelliet stasies.

Die IARU kyk met groot kommer op enige voorstel om hierdie band in die voorgestelde studie in te sluit. Die IARU sal hierdie siening energiek in plaaslike telekommunikasie-organisasies en in ITU verteenwoordig om te verseker dat die spektrum 'n primêre toekenning vir die amateur dienste sal bly.

'n Voorstel om die amateur-toekenning te bestudeer in die band van 1 240 - 1 300 MHz ("23 cm") na aanleiding van gerapporteerde gevalle van steuring met die Galileo-navigasie stelsel. Die IARU is bewus van 'n handjievol gevalle waar steurings met die Galileo E6-sein gerapporteer is. In alle gevalle is dit opgelos deur plaaslike aksie met die volle samewerking van die betrokke amateur stasies.

Die IARU wil nie hê dat die amateurdiens op enige manier die werking van die Galileo-stelsel beïnvloed nie. Gesamentlike studies is uitgevoer om die ware kwesbaarheid van die stelsel te evalueer. Op grond hiervan beskou die IARU die voorstel om 'n Agenda-item vir WRC-23 te vroeg is. Die IARU-standpunt is dat behoorlike tegniese assessering van die betrokke aangeleenthede in die betrokke CEPT-studiegroep gedoen moet word. Behoorlike rekening moet geneem word met die operasionele eienskappe van die amateurdiens ten einde sinvolle en proporsionele maatreëls te ontwikkel wat die volgehoue nut van die band vir amateur-eksperimente sal fasiliteer, terwyl die primêre status van die GNSS-diens nagekom word. Die IARU is gereed om volledig saam te werk in enige studies en deel die doel om 'n veilige en permanente oplossing vir die kwessies van deelname in hierdie band te bereik.

Die IARU versoek sy Ledeverenigings om hierdie inligting onder die aandag van

hul lede te bring en om te onthou om op hierdie stadium geen spekulatiewe openbare kommentaar te lewer oor die situasie totdat verdere vordering gemaak is met regulatoriese besprekings. Die IARU is ook bereid om hierdie kwessie met ander Verenigings wat nie in die IARU-lidmaatskap is nie, te bespreek.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga wat uitgesaai word deur die Port Elizabeth Amateurradiovereniging op 7 098 kHz en op die Oos-Kaap-herhalernetwerk

DIE SARL OM YOTA VLAG EN SLEUTEL BY HAM RADIO 2019 IN FRIEDRICHSHAFEN TE OORHANDIG

Dit is amper 'n jaar gelede dat die SARL die YOTA-vlag en die amptelike Morse-sleutel ontvang het en wat beskryf word as die beste IARU Jeug op die Lug Somerkamp byeenkoms in Suid-Afrika aangebied het. Op 21 Junie sal die SARL-president, Nico van Rensburg, ZS6QL en Koos Fick, ZR6KF, die SARL Jeug Koördineerder die Vlag en Morse-sleutel oorhandig aan die span van die Bulgaarse Federasie van Radio Amateurs (BFRA) wat die 2019-geleentheid gaan aanbied.

Die SARL het die weeklange program van 8 tot 15 Augustus 2018 by die Kopanong Konferensiesentrum buite Benoni aangebied. Jong mense was betrokke by die bou van 'n radio-send/ontvang boustel, die bekendstelling en opsporing van 'n hoë-hoogte ballon met radio-toerusting aan boord om naby ruimte te verken, hul kommunikasievaardighede te verskerp deur gebruik te maak van multi-frekwensie amateur radio stasies en ander tegnologie en kommunikasie gebaseerde aktiwiteite . Om naby-ruimte met 'n hoë hoogte ballon te ondersoek, was nog nie voorheen by 'n YOTA-gebeurtenis aangebied nie. Dit was 'n eerste vir die 2018-groep jong radio amateurs. Die jongmense het 'n wildplaas en plaaslike elektroniese vervaardigings maatskappye besoek. Een van die projekte was die bou van 'n dubbele band 2 m / 70 cm hand draagbare Yagi wat hulle in die lug gehad het om die satelliete te werk. Die Yagi-boustel is plaaslik saamgestel en daarna ontwikkel tot 'n kommersiële produk waarvan byna 250 verkoop is en nou beskikbaar is by AMSAT SA.

Terwyl hy by Ham Radio in Duitsland is, sal Nico ook die IARU Streek 1 Internasionale byeenkoms bywoon wat jaarliks deur die DARC aangebied word, die Streek 1 Noodkommunikasie vergadering en werkswinkel bywoon en die RSGB Stalletjie besoek om na die aanlyn eksamen stelsel wat ontwikkel is, te kyk. YOTA sal vanjaar sy eie stalletjie hê en Koos sal die Jeug byeenkomste bywoon en deelneem aan al die jeug aktiwiteite wat beplan is vir die geleentheid.

JEUG AKTIWITEITE IN OKTOBER

Richard, ZS6RKE, die Nasionale JOTA/JOTI-koördineerder, berig dat die 2019 JOTA/JOTI-geleentheid die naweek van 18 tot 20 Oktober gehou sal word. Dit is die grootste Padvinder-geleentheid van die jaar met ongeveer 2 miljoen Welpies, Padvinders en Meisie Gidse wat deelneem. Ons is op soek na radio amateurs om te help met die bedryf van stasies vir die geleentheid. 'n Eenvoudige

veldstasie by jou plaaslike Padvinder-saal of binne 'n Padvinder Distrik is al wat nodig is. Oor die afgelope 3 jaar het ons 'n groei van 400% gesien in stasies, hoofsaaklik in Afdeling 6.

Daar hoef ook nie die hele naweek op die lug te wees nie, aangesien die meeste van die aktiwiteite op die Saterdag plaasvind. As jy gretig is om die Jeug betrokke te maak in Amateur Radio en terug te gee aan jou plaaslike Padvinder-gemeenskap, kontak asseblief vir Richard en hy sal help met die kontak met 'n plaaslike Troep. Hy kan gekontak word by richard.hooper@scouts.org.za of richard@sandringhamscouts.co.za.

Op Saterdag 19 Oktober vind die jaarlikse CQ Hou Koers-geleentheid vir die Voortrekkers plaas. Kontak Andries, ZS6VL by orionvoortrekkers@gmail.com om jou hulp te bied en jou plaaslike Voortrekker-kommando te vind.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is daar al vir meer as 26 dae geen sonvlekke sigbaar nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Amateurs kan bruikbare DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag - Jeugdag en Vadersdag 17 Junie - Openbare vakansiedag en Wêreld QRP Dag 18 Junie - maandelikse vergadering van die Port Elizabeth ARV 20 tot 24 Junie - die SARL Top Band QSO Geselligheid 21 Junie - Winter sonstilstand 21 tot 23 - Ham Radio 2019 in Friedrichshafen 22 Junie - die AJV van die Namibiese Amateur Radioliga in Windhoek 22 en 23 Junie - die ARRL Velddag 6 Julie - die SARL Newbie QSO Geselligheid 7 Julie - die ZS5 Naelloop

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Het jy die SARL Top Band Sertifikaat? Deur vanaf Maandag 24 Junie 2019 aan die SARL Top Band QSO Geselligheid vanaf 00:00 UTC op Donderdag 20 Junie 2019 tot 00:00 UTC op Maandag 24 Junie 2019 deel te neem, kan jy die vereiste QSOs vir hierdie sertifikaat maak. Die QSO Geselligheid is oop vir alle gelisensieerde amateurs wat toegang tot die 160-meter-band het. Gelykgolf aktiwiteit vind plaas tussen 1 810 en 1 838 kHz met foon aktiwiteit tussen 1 840 - 2 000 kHz en die uitruiling is 'n RS(T)-verslag en jou provinsiale of lands afkorting.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na “Amateur Radio Today”. Daar is herleiding op 7,082 kHz laer syband en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. ’n Heruitsending deur Andy, ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3,620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur ’n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na ’n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS en gelees deur …….

Die Afrikaanse Nuusspan groet nou en wens jou ‘n mooi week toe. Totsiens.

/EX